FOSSILHILLS

Stap, groei en raak stil saam met Gretha Wiid



Gretha Wiid

15-18 Maart 2027

4 Dae, 3 Nagte

4 Dae, 3 Nagte: Maandag tot Donderdag

Drie nagte se verblyf met 'n gasvryheidprogram van etes, proe-ervarings, plaaslike besoeke en vervoer tussen die ervarings. Opsionele stap geleenthede en natuurlik insiggewende sessies saam met Gretha Wiid.



Is hierdie stap-ervaring vir jou?

Geniet 'n ontspanne ervaring saam met Gretha Wiid se wysheid en kennis waarvoor geen spesifieke fiksheidsvlak nodig is nie.

Die meeste vervoer vind per voertuig plaas, met daaglikse opsionele stap van 1 tot 6 km, na gelang van die groep se voorkeur. Bevestig asseblief jou voorkeurafstand wanneer jy bespreek. Gemaklike stapskoene word aanbeveel.



INGESLUIT

- 3 nagte se plaasverblyf met Wi-Fi.
- 3 ontbyte, 3 ligte middagetes en 3 driegang-aandetes, elk met 'n glas wyn/druiwesap
- 1 (of meer) sessies per dag saam met Gretha Wiid
- 4 wynproeë, een wyn-en-roomysparing en een ginproe. Jy hoef nie wyn te drink nie. Jy kan bloot die geselskap ook geniet (druiwesap sal ook beskikbaar wees)
- Vonkelwyn-en-sushi-paring; olyfproe; 'n high tea-ervaring; en 'n skilder-en-wyn-ervaring.
- 'n Geakkrediteerde gids, parkgelde, begeleide toere en vervoer langs die staproetes.
- Opsionele vervoer na en van aandete in McGregor.
- Seisoenale plaasvrugte, gefiltreerde water by die gastehuis en toegang tot ontspanningsaktiwiteite op die plaas, insluitend warmbaddens.
- Vrye tyd by Fossil Hills.

Nie ingesluit nie

- Ekstra drankies, aankope by die eerlikheidskroeg, piekniekhappies en verversings, fooitjies en aktiwiteite wat onafhanklik bespreek word. Vervoer tussen Tango House en Pinotage House (1 km) kan teen 'n ekstra koste gereël word. Voetmasserings is opsioneel en nie ingesluit nie

www.fossilhills.co.za Info@fossilhills.co.za +27 82 474 8906





Meer as net ’n stap tussen die wynlande – vind weer jouself

‘Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is. Kom na my toe, Ek gee rus!’

Matt 11:28

Gemeenskapsgebaseerde toerisme

Ontdek die bekoring van McGregor, ’n juweel in die Wes-Kaapse Wynlande. Wandel deur wingerde en berge en kom weer in voeling met die natuur!

Per persoon	2026	2027
Deelverblyf	R8,415	R9,500
Enkelverblyf	R9,515	R10,500
Extra night	R850	R950

Betalingsopsie: ’n Deposito van 30% bevestig jou bespreking. Die uitstaande bedrag kan in paaiemente betaal word. Tariewe is onderhewig aan beskikbaarheid. ’n Opsionele vierde nag kan bespreek word; uitklok is die volgende oggend teen 09:00.

Etes en vervoer vir die ekstra dag is nie ingesluit nie.



Wat om in te pak

Stapskoene met goeie greep en gemaklike stapklere ~ ’n Klein dag-rugsak ~ ’n Tweeliter-waterbottel of hidrasiesak ~ ’n Sonhoed, sonskerm en sonbril ~ ’n Reënbaadjie en ekstra lae klere ~ Peuselhappies en swemklere ~

Opsioneel: stapstokke en ’n verkyker ~ Kontant vir fooitjies en aankope by die eerlikheidskroeg; kaartfasiliteite is beskikbaar.



www.fossilhills.co.za Info@fossilhills.co.za +27 82 474 8906

FOSSILHILLS

reisprogram

Jou 4 dag, 3 nagte reisprogram saam met Gretha:

Maandag Aankoms en tuiskoms

Meld vanaf 14:00 aan. Opsionele vonkelwyn-en-sushi-proe by Paul René in die middag, volgens reëling. Ontmoet jou gids om 18:00 vir 'n verwelkomingsdrankie, kanapees en 'n inligtingsessie, gevolg deur 'n driegang-aandete en 'n sessie saam met Gretha Wiid.

Dinsdag Bergroetes en wyn

Geniet 'n plaasontbyt en 'n sessie saam met Gretha Wiid, gevolg deur olyfproe en 'n wandeling tussen die olyfbome. Ry na Heaven's View vir 'n heerlike 'high tea'. Geniet middagete en wynproe by Lord's en sluit die middag af met gin proe. Rond die dag af met 'n driegang-aandete by 'n restaurant. ***'n Voetmassering is opsioneel***

Woensdag Wingerde en vallei uitsigte

Begin met 'n plaasontbyt en 'n sessie saam met Gretha Wiid, gevolg deur 'n fossielstap en 'n piekniek in die berg met 'n pragtige uitsig. Wandel deur McGregor en geniet 'n skilder-en-wyn-ervaring. Geniet middagete en 'n roomysparing by McGregor Winery, gevolg deur 'n besoek aan Bemind-kelder. Sluit die dag af met 'n driegang-aandete by 'n restaurant in McGregor. ***'n Voetmassering is opsioneel***

Donderdag 'n Rustiger afsluiting

Geniet 'n plaasontbyt en 'n sessie saam met Gretha Wiid, gevolg deur 'n plaaswandeling, 'n piekniek langs die dam, 'n fossieluitkykpunt en opsionele kajakvaart. Besoek Tanagra vir wynproe en daarna Eseltjiesrus vir 'n donkietoer en middagete. Die toer eindig omstreeks 14:00. Bly jy 'n ekstra nag? Geniet 'n opsionele stap van 3 km na die voëlskuiling by Vrolijkheid Natuurreservaat



DAAGLIKSE STAPPROGRAM

Begintye: Elke stap/ervaring begin om 07:45 en eindig omstreeks 14:30. Middae is ontspanningstyd op die plaas, maak tyd vir jouself (sien lys van plaas aktiwiteite aangeheg)

Elke aand is daar 'n kort inligtingsessie oor die volgende dag se program sodat jy weet wat om te verwag.
Sterk aanbeveel: Bly 'n ekstra nag om verder te ontspan of te verken waarvoor daar nie tyd was nie. Doen asseblief navraag oor beskikbaarheid.

Daaglikse stapopsies: 1–6 km. Roetes, tye, kelders en restaurante kan verander na gelang van die weer, die groep se behoeftes en beskikbaarheid.

www.fossilhills.co.za Info@fossilhills.co.za +27 82 474 8906



BESPREKINGS EN KANSELLASIES

Kansellasie deur die kliënt
Ons vereis 'n nie-terugbetaalbare deposito van 30% van die totale bedrag om jou bespreking te bevestig. Die volle bedrag is drie maande voor die aanvang van die stap betaalbaar.

Kansellasie deur Fossil Hills
Fossil Hills behou die reg voor om die stap onder enige omstandighede te kanselleer. Alle stappe is onderhewig aan 'n minimum aantal deelnemers. Indien die Maatskappy nie die bespreekte stap kan aanbied nie, sal alle bedrae wat die Kliënt betaal het, minus die nie-terugbetaalbare deposito van 30%, aan die Kliënt terugbetaal word. Dit sal die volle omvang van die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Kliënt uitmaak. Die Maatskappy aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige vergoeding aan die Kliënt indien die Maatskappy weens oormag genoodsaak is om die reis te kanselleer of op enige wyse te verander nie. Dit sluit in oorlog, oproer, burgerlike onrus, arbeidskonflik, terreuraktiwiteite, stakings, natuur- of kernrampe, 'n pandemie, 'n noodtoestand, 'n ramptoestand, brand, oorstromings, ongunstige weerstoestande of enige ander interne of eksterne omstandighede buite die Maatskappy se beheer.

VERBLYF BY FOSSIL HILLS

Bespreek jou verblyf direk by ons en kry **10% afslag** op jou verblyfbespreking. Besoek www.fossilhills.co.za en gebruik die kode **Next10%OFF.**

VERKEN MCGREGOR

Wil jy die pragtige dorpie McGregor verken?
Besoek https://bit.ly/McGregorTourism.

"THE OPEN VENUE"

Ons het 'n geleentheidsruimte: The Open Venue kan tot 60 gaste ontvang en akkommodeer. Besoek www.fossilhills.co.za vir meer inligting.

Vrywaringsvorm:

Voltooi die vrywarings- en besprekingsvorm nadat jy jou deposito betaal het. Jy sal 'n afskrif per e-pos ontvang.

Deur 'n bespreking te maak, aanvaar jy ons bepalings en voorwaardes

Vrywarings- en besprekingsvorm

Bankbesonderhede

Fossil Hills Wine Walk
Absa (tjekrekening) – Robertson
Rekeningnommer: 410 697 6107
Verwysing: Naam + datum van die stap

Slegs 'n deposito van 30% word met bespreking vereis.

GRATIS
AKTIWITEITE OP DIE PLAAS

FOSSILHILLS
ACCOMMODATION | VENUE | WINE WALKS

Raak rustig en kom weer in voeling met die natuur, familie en vriende by Fossil Hills.



Fietsry en bergfietsry
Verken die plaas op twee wiele en geniet die vars lug en uitsigte oor die platteland. Bespreek jou fietse vooraf.

Plaaswandelings en staproetes
Rek jou bene en kom weer in voeling met die natuur terwyl jy die plaas se pragtige paadjies verken.

Ontspan in 'n hangmat
Sit jou voete op, luister na die natuur en laat die plaaslewe in skakel.

Kajakvaart
Roei oor die dam en geniet die rustige plaasomgewing vanaf die water.

Visvang
Gooi jou lyn in, maak jou gemaklik langs die dam en geniet die rustiger pas. Visstokke word voorsien.

Voëlkyk
Neem 'n stil oomblik om die voëls rondom die dam dop te hou en na die klanke van die platteland te luister.



KolKol warmbaddens
Sak weg in die warmte van jou houtgestookte warmbad en ontspan onder die oop hemel.

4×4 Avonture
Verken die plaas se 4×4-roete in jou eie voertuig en geniet pragtige uitsigte met 'n bietjie avontuur langs die pad.



As featured on:

BG&WG pinkbook Weg! news24 RSG kykNET

www.fossilhills.co.za Info@fossilhills.co.za +27 82 474 8906

Vind jou ideale wegbreek

Vier wynstapervarings om van te kies.
McGregor, slegs twee uur vanaf Kaapstad

DIE ERVARING	WAT OM TE VERWAG	IN 'N OOGOPSLAG
DRIEDAAGSE WYNSTAP 'n Begeleide stapwegbreek deur bergroetes, wingerde en die McGregor-platteland, met wynervarings langs die pad.	Drie nagte se verblyf; begeleide stappe; ontbyte, middagetes en aandetes; wynproeë en parings.	**Ideaal vir:** Gereelde stappers met redelike fiksheid. **Stap**: Daagliks 3–10 km, volgens reëling. **Wanneer**: Ma-Do of Do-So.
WINE ON WHEELS & WEGBREKE 'n Aangebode plattelandse wegbreek met meer tyd vir proe-ervarings, plaaslike besoeke en ontspanning, en minder tyd te voet.	Drie nagte se verblyf met 'n aangebode program van etes, proe-ervarings, plaaslike besoeke en vervoer per voertuig tussen ervarings.	**Ideaal vir:** Enigiemand wat die buitelewe en goeie geselskap geniet. **Stap**: Min of geen stap; kort stappe is opsioneel (1–6 km). **Wanneer**: Ma-Do of Do-So.
STEL JOU EIE WYNSTAP SAAM Begin met twee nagte se verblyf en een begeleide dagstap. Maak jou wegbreek jou eie deur ekstra ervarings by te voeg.	Twee nagte se verblyf; 'n begeleide dagstap; ontbyt en middagete op die stapdag; 'n wyn-en-roomysparing; verrassings langs die pad. Voeg proe-ervarings, 'n skilder-en-wyn-ervaring of 'n voetmassering teen ekstra koste by..	**Ideaal vir:** Vriende, paartjies en groepe wat buigsaamheid verkies. **Stap**: Een begeleide stapdag; bespreek jou voorkeurafstand. **Wanneer**: Volgens reëling.
DAGSTAPPE Sluit vir die dag by 'n begeleide stap aan en kry 'n voorsmakie van die Fossil Hills-ervaring, met of sonder oornagverblyf.	'n Begeleide dagstap; piekniekontbyt; middagete; 'n wyn-en-roomysparing; fossielsoektog. Verblyf en vervoer is uitgesluit.	**Ideaal vir:** Dagbesoekers of gaste wat reeds by Fossil Hills of daar naby tuisgaan. **Stap**: Die afstand hang van die dag af. **Wanneer**: Enige dag, Ma-Sa

www.fossilhills.co.za Info@fossilhills.co.za +27 82 474 8906